TAKVERGADERINGS 2008

Januarie 2008 Tydens die AJV is die volgende bestuur verkies: Voorsitter: Nico Gey van Pittius Ondervoorsitter: David de Klerk Sekretaresse: Ria van der Heever Tesourier: Glenda Raad Uitstallings en skakeling: Mariana Olivier Biblioteek: Eugene du Toit Bellville Biblioteekuitstalling: Marianne Meyer	
9 Februarie 2008 David de Klerk se onderwerp is Barend Mattheus – wie is hy? Dit het gehandel oor die baie gelyknamiges onder die de Klerk familie en hoe hy dit moes uitpluis.	
8 Maart 2008 Wenner van die 2007 Margaret Cairns toekenning, Senobia Lutz, spreek die tak toe oor haar Lutz navorsing.	
12 April 2008 GGSA President, Johann Janse van Rensburg spreek die tak toe oor die GGSA se begraafplaasprojek.	

10 Mei 2008

Takvoorsitter, Nico Gey van Pittius spreek die tak toe oor genetiese genealogie.

14 Junie 2008

Die takverjaarsdag is gevier met voordragte deur die lede oor hul eie navorsing. Mariana Olivier tref ‘n roerende fotografiese vergelyking tussen sekere identifiseerbare tonele in die Maitland begraafplaas soos dit in 1910 (volgens ‘n ou fotoalbum wat deur Fred Deas gevind is) en vandag, daar uitsien. Op haar beurt, belig Martie du Toit op pittige wyse die interaksie tussen haarself en die skryfster, Engela van

Rooyen, tydens die navorsing vir en skryf van haar boek Van Amsterdam tot Noord-Kaap wat handel oor ‘n tak van die Van Rooyen familie. James Butler vertoon die lopende aanbieding wat hy voorberei het met die oog op die Erfenisdagvieringe van die tak op 27 September in die Paarl. Daarna vertel Elmien Wood van haar besoek en navorsing aan die Family History Centre in Salt Lake City (sien foto regs). Wat ‘n voorreg om dit te kon ervaar het! Gerhard Geldenhuys verras weer met ‘n oorspronklike aanslag met betrekking tot genealogie - naamlik professionele genealogie.” Vervolgens illustreer hy die

konsep deur die “mentorskaplyn” van die bekende konsertpianis, Jan Gysbert Hugo Bosman (1882-1967)/ Bosman di Ravelli terug te volg tot by Beethoven. Dan vertel Elsje van der Linde van Velddrif hoe ‘n ongewone dokument, in die boedel van haar moeder, haar genoop het tot genealogiese navorsing en ‘n Franse besoeker, Christine Massardier, wat haar vir twee jaar in Kaapstad bevind, vertel in haar Franse Engels van haar passie vir genealogie. Alta Griffiths het die aandag gevestig op die werksaamhede van eGGSA.	
12 Julie 2008 ‘n Werkswinkel is gehou om taklede se navrae te beantwoord. Die paneel kundiges wat die antwoorde moes verskaf was Nico Walters, Jaco van der Merwe, Ockert Malan, Sasa Malan, Petro Correejes-brink, Elmien Wood, Martie du Toit en Nico Gey von Pittius.	
2 Augustus 2008 Ockert en Sasa Malan, die ontvangers van die 2008 Margaret Cairns toekenning spreek die tak toe oor hul navorsing en die opteken van mikro-geskiedenis waarmee hul besig is.	

27 September 2008

Erfenisdag is in die Paarl gevier as deel van die Cultivaria fees. Die uitstalspan onder leiding van Mariana Olivier het uitstallings deur verskeie genealogiese organisasies gereel by die Holy Trinity kerk.

Foto: Ons banier voor die kerk en Andrew Kok help ‘n besoeker.

11 Oktober 2008

Die tak besoek die Genealogiese Instituut op Stellenbosch en die Hoofnavorser, Leon Endemann vertel meer oor hul werksaamhede en planne om verdere volumes van SAG uit te gee.

8 November 2008

Die jaarlikse afsluitingsfunksie het die vorm van ‘n voorouertee aangeneem en lede het outydse klere aangetrek, outydse verversings saamgebring en vertel/gedemonstreer hoe dinge in vervloë dae gedoen is.

Foto: Outydse poppies wat deur Shirley du Plessis uitgestal is.